NG Kerk Randburg

groei. behoort. dien

Kantoor 011 - 789 2428; ngrburg@mweb.co.za
Ds Servaas de Kock 082 552 5093; ds.sdek@mweb.co.za
Ds Rian Steenkamp 083 700 3567; steenkampc747@gmail.com
http://www.ngrandburg.org / facebook.com/ngkerkrandburg

30 Mei 2021

VANDAG

1. **Erediens:** Ds Rian Steenkamp. Pinkstertyd 1.
2. **Jeuggroepe:** Kleuterkerk (3jr – Gr R) in Koffiekroeg; Gr 1- 3 (Sysaal), Gr 4-6 (Kamer 1) en Gr 7 - 10 (Kamer 2).
3. **Nuwe lidmate:** Meld asseblief by Sakkie en Elsa Louw by die kombuistoonbank aan.

WERD OM TE WEET

1. **Program vir die volgende weke**

6 Junie	Pinkstertyd 2; Wintersorg 2; Omgeegroepe
13 Junie	Pinkstertyd 3; Wintersorg 3
20 Junie	Pinkstertyd 4; Wintersorg 4; Omgeegroepe
27 Junie	Pinkstertyd 5; Wintersorg 5

2. **Kerkraad:** Die volgende lede is op die vergadering van 16 Mei herkies vir 'n verdere termyn: *Wynand Walters, Herman van Huyssteen, Heinrich Ueckermann, Frikkie van Wyk en Pieter Jooste*. *Jancis van Biljon* is as nuwe lid tot die kerkraad verkies.

ONS DEEL IN MEKAAR SE LEWENS

1. **Bejaardes en chroniese siekes: Marietjie Erasmus** (083 575 1965), **Di Hart** (083 226 5486), **Neels en Hyla Dannhauser** (011 793 2559), **Annette van Heyningen** (074 298 3338), **André en Lanie Jordaan** (083 634 3339), **Johan Kemp** (072 085 1222), **Lenie Benecke** (011 888 3187).
2. **Hospitalisasie, operasies en siekes: Susan Beck** (082 851 6234) herstel na nog 'n rugoperasie. **Susan Borman** (083 391 6791) herstel tuis van 'n skouer-operasie. **Joan Verhoog** (082 487 9496) is besig met chemoterapie. **Hennie Scholtz** (072 643 4863) herstel goed na 'n hart-operasie.

GOEIE WENSE AAN ALMAL WAT VERJAAR

30/05 Neels Davies, Eben Malan, Alvera Marais, Yolanda Naude
31/05 Elsie Grobler, Phillip Trollip, Michelle Wentzel
01/06 Di Hart
03/06 Moya van der Merwe
05/06 Madie Brand, Susan Breedt

ONS GAAN *PROBEER* … KUIER EN PROE …

Kuier en Proe is een van ons tradisies wat in 2020 gesneuwel het maar ons gaan probeer … Ons mik vir **Vrydag 11 Junie se** kuier met veilige Covid-etiket. 'n Hele aantal "kokke" het reeds aangemeld … spesifiseer asb die gereg op die vorm in die portaal en nog inskrywings kan ontvang word. Ons sal daarvolgend bepaal of ons kan voortgaan met 'n klein beperkte kuier en hoeveel koeponboekies beskikbaar sal wees.

GEBEDSBEDIENING

'n **WhatsApp-groep** is geskep om sake aan gebedsvennote bekend te maak. Versoeke kan spesifiek-persoonlik of selfs anoniem wees.

Alle **versoeke** moet aan Mynhardt Kapp gestuur word: SMS 082 570 4309.

Gebedskandelare teen die muur langs die groot ingangsdeur bied ruimte vir lidmate wat 'n *dankie- of asseblief kers* wil opsteek.

Ons bid in hierdie week vir … *ons land en al sy mense … ons families en ons kinders … ons medemense wat om een of ander rede baie swaar kry … krag en hoop en lewe vir ons almal!*

BYBELPROJEK

Die kerkraad stel Bybels teen 'n **subsidie-prys van R70** beskikbaar vir verspreiding deur lidmate. Lidmate kan spesifiek bydra tot hierdie subsidie-fonds maar word ook opgeroep om voortdurend bewus te wees van geleenthede waar hierdie "*goedkoper*" Bybels aan **verskillende groepe mense versprei kan word.** Verskeie vertalings is tans in voorraad beskikbaar. Kontak vir Zelda Hertz (082 873 6458).

WINTERSORG 2021

Wintersorg 2021 wil in 'n baie moeilike tyd vir ons elkeen probeer om iemand anders wat swaar kry se nood te verlig. Elke bydrae wat na vermoë gemaak word sal seën bring. 6 verskillende begunstigdes kan of met goedere of geldelike bydraes gehelp word … ons fokus elke week op een **spesifieke Voetspore-vennoot** van die gemeente.

Week van 30 Mei: Sop vir Emmers Vol Liefde. Hierdie aksie droom oor *Emmers Vol Sop* vir bejaardes en kinders wat in haglike omstandighede woon. Ons bring in die week van 30 Mei tot Sondag 6 Junie **enigiets waarmee sop gekook** kan word … ook blikkies en pakkies sop … verkieslik nie vars groente nie … omdat dit moeilik bewaar word.

- Week van 6 Junie: **Wintersklere vir Abraham Kriel Bambanani Kindersorg**
- Week van 13 Junie**: Tutela Koskas- en Terapiefonds**
- Week van 20 Junie: **Truie en komberse vir bejaardes en kinders**
- Week van 27 Junie: **Help die Kind-Fonds**
- Week van 4 Julie: **Ou klere en skoene vir straat mense**

Meer besonderhede sal elke week oor die spesifieke projek beskikbaar gestel word.

WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgeegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 30 Mei – Johannes 3 : 14 - 21

Ons storie

Die kern teks vir die week is Joh 3:21: "*Almal sal duidelik kan sien uit die dinge wat hy doen, dat hy iemand is wat aan God se kant staan en aan wie se kant God ook is.*"

Dit is van ons Christene wat Jesus praat. Dink bietjie saam oor al die mense met wie ons kontak het en wat is die indruk wat ons by hulle skep van Christen-wees. Deel ook goeie en slegte ervarings wat jy as Christen met medemense gehad het in die onlangse tyd.

God se storie

Johannes wys terug na Moses wat die slang in die woestyn opgelig het sodat die Israeliete wat daarna gekyk het genees is.

Jesus word met hierdie simboliese handeling vergelyk – Hy red – die hele wêreld en nie net die Israeliete nie. Jesus se koms bring lig in die donker. Die Lig kom vind ons en verlig ons pad.

Ons lewe nou in die lig. Dank die Here vir Sy bevrydende reddingswerk.

Na die reiniging van die tempel in Joh 2, kom mense tot geloof agv die wondertekens wat Jesus doen. Nikodemus, 'n Fariseër en lid van die Joodse Raad het dit ook gesien. Hy kom in die nag na Jesus toe. Nikodemus erken dat Jesus 'n leermeester is wat van God af kom. Jesus reageer deur daarop te wys dat geen mens die koninkryk van God sal sien as hy nie van bó gebore word nie.

Teen die agtergrond van die gesprek tussen Jesus en Nikodemus, lees Joh. 3:14-21.

Ons nuwe storie

Lees Johannes 3:14-21 en gebruik geleentheid om oor die gedeelte na te dink.

- Wat het jou geraak in die teksgedeelte en watter vrae het by jou opgekom?
- Wat doen God sodat ons die ewige lewe kan kry?
- Vertel vir mekaar hoe dit gekom het dat jy uit die "*nag*" en "*duisternis*" na die "lig" gekom het. Of anders gestel: Hoe loop jou "*verlossingsverhaal*?"
- Verduidelik vir mekaar wat dit beteken om te "*glo*".
- En hoe dink julle oor die begrip "*ewige lewe*"? Lees verder hieroor Joh. 5:24; 11:25-26 en 17:3 vir meer duidelikheid.
- Dink oor kerkwees in die lig van die Johannes 3:18 se gedagtes oor geloof in Jesus.
- Wat doen mense wat in God se lig lewe?

Rituele en gewoontes

- Ons word gereeld gewys op ons foute. Neem die week tyd tydens ete om te praat oor elkeen in julle huis of familie se goeie en sterk punte. Vier dit saam en sê vir God dankie dat Hy ook so na ons kyk.
- Die gebruik van simbole is 'n geloofsgewoonte wat ons aan die Here se teenwoordigheid herinner. Oorweeg dit om iewers 'n kers/lamp in jou huis op te steek. Dalk kan jy 'n kaartjie met die woorde van Johannes 3:21 daarop saam met jou dra.

SNUFFELGIDS

1. **Tuisversorger beskikbaar:** Ondervinding in versorging van Dementia, Parkinson's, Diabetes 2, Rehabilitasie na beroerte. Skakel Charlotte Clements - 060 703 7409.
2. **Voorbereide etes:** Weeklikse spyskaart (middag- of aandetes @ R60) Bestel vorige dag teen 09:00. Afhaal volgende middag. Kontak Janine (082 551 3755) vir spyskaart en besonderhede.
3. **Loodgieter/Nutsman:** Vir spoedige en deskundige diens. Skakel vir Gerhard (073 248 1513).
4. **Te koop:** Tuisgebakte klein koekies en beskuit te koop. Kontak Elsabe - 082 877 6501.
5. **Te Huur:** Marlothpark vakansiehuis te huur. Grens aan Kruger Park. Inez Steyn - 082 684 4339.
6. **Zeek's Artisan Food:** Voorbereide etes – "*druk-in-die-oond-wonders*" soos lasagne, geroosterde hoenderpastei, herderspastei, macaroni en kaas, sosaties, fees-skinkborde met verskeidenheid lekkernye. Spesiale feesbrode met GMO vrye meel. Siegfried – 082 448 9534.
7. **Vrystaatse lamsvleis:** Vol of ½ lam opgesny en vakuum verpak soos verkies, afgelewer by huis. Boerewors en bees maalvleis ook beskikbaar. Besoek www.affi-plaas.co.za of kontak Martiens (071 609 8937) vir meer inligting.
8. **Te Huur**: Ruim Loft Tuinwoonstel @ R7 650 per maand vanaf 1-3-2021. Luuks gemeubileer, privaat ingang met onderdak parkering, stil, sentraal, veilig, swembad, elektriese omheining, kragopwekker en alarm. 5G internet, water, asook weeklikse skoonmaak ingesluit. Uitstekende waarde - ideaal vir enkel werkende persoon. Kontak 082 920 6163.
9. **Foto's wat praat.** Lê enige feestelikheid soos troue, doop en ander herinnerings vas met besondere foto's. Christa Richter – 083 274 4979.
10. **Lyn dans (Line dancing):** Kom deel in heerlike pret op 'n Dinsdagaand 18h30 – 19h30 in die kerksaal. R50 per aand. Skakel Cyril (074 112 8017) vir verdere navrae.
11. **Te huur:** 3 slaapkamer tuinhuis te huur in Robindale. Kontak 079 564 7829 vir navrae.
12. **Wondersalf te koop:** Help vir sinus, spierpyne, bytplekke, sonbrand ens. R110 per houer. Navrae by kerkkantoor of 083 226 9988.
13. **Betroubare huishulp** beskikbaar 2 dae per week. Skakel Elriena Delport (082 837 7480)
14. **Te huur:** 1 Slaapkamer tuinwoonstel, onderdak parkering, water ingesluit, elektrisiteit en gas apart. Kontak Milco - 082 901 0047.
15. **Te huur:** Vakansiehuis met see-uitsig (slaap 6) Umzumbe-Suidkus R1000 p/d. Kontak Ilze 083 725 7028.
16. **Te huur:** 1 Slp kamer Tuinwoonstel naby Randburg Hoërskool. R5 500p/m. Kontak Ilze - 083 725 7028.

BANK- EN BETALINGSBESONDERHEDE

Meld asb rede vir inbetalings as verwysing:

NG Gemeente Randburg
ABSA Randburg
Kode 505 705
Tjek rek nr: 0170580001

Gebruik SnapScan vir enige betaling aan die gemeente.